

# REDAKSIES

*Pretoria-Maramata*  
**Redaktrise:** Linda de Vente  
[gdevente@global.co.za](mailto:gdevente@global.co.za)  
**Lede:** Cornelia Kerkhoff,  
Henriëtte Pouwels  
**Finansies:** Erik Visser

*Pretoria*  
**Redaktrise:** Carina Bijker  
[caad@tuks.co.za](mailto:caad@tuks.co.za)  
**Sekretaresse:** Petra Ros  
**Lede:** Lieze Bron, Eric Danielz,  
Willem de Jager,  
Arjan van Houwelingen  
**Illustrasies:** Alex van Houwelingen

*Kaapstad*  
**Redakteur:** Sjirk Geerts  
[14160986@sun.ac.za](mailto:14160986@sun.ac.za)  
**Lede:** Marthie Breytenbach,  
Adriaan Haak, Anja Luijk

# ADMINISTRASIE

*Witleg*  
Marlene de Vente  
[marlienuh@msn.com](mailto:marlienuh@msn.com)

*Administrasie*  
**Administratief & finansies:**  
Hilda Middeljans  
Ons hoop om **Die Olielamp**  
10 keer per jaar uit te gee.  
Hierdie uitgawe is ook  
elektronies beskikbaar  
by die volgende Internet adres:  
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

# Redaksioneel

Onlangs lees ek weer 'n paar van die ou Olielampe en sien in 'n uitgawe van meer as 'n jaar gelede 'n skrywe oor 'n bomaanslag in Madrid. Die bom het baie treinpendelaars se lewens geëis. Daarvoor was daar onder andere die Bali-bom en 9/11. 'n Paar weke gelede weer die ontploffings in London en Egipte. Dit het ook baie lewens geëis en mense opnuut bang gemaak. Hoeveel bomme en rampe gaan die wêreld nog ruk voor die mense beseft dat hulle God moet aanroep? Voordat die mens sal beseft dat hy alleen niks sal kan regkry nie. Die mens vernietig homself. God roep ons op om elke dag Hom te ken in alles wat ons doen, in ons sit en in ons opstaan. Laat ons nooit vergeet dat God Almagtig is nie. Die mens wik, maar God beskik.

Op 'n ander noot: In die Kaap het daar 'n verandering in die redaksie plaasgevind. Ons moes afskeid neem van Albert Drijfhout. Dankie Albert vir al jou insette en altyd weer nuwe idees waarmee jy die afgelope drie jaar saamgewerk het aan die Olielamp. Welkom aan ons nuwe lid, Adriaan Haak.

Waardeer ons nog die Olielamp as 'n jeugblad vir ons, om in te skryf, opinies te lug en mekaar te wys op die weg van ons Vader? Artikels en ander bydraes is altyd welkom en word baie waardeer!

In hierdie uitgawe gee ons ekstra aandag aan onderwys en opvoeding. Dit veral weens die groot getal onderwysstudente in ons midde. Daar word besin oor 'n Christelike hoërskool, daar is 'n gedig "Doopbelofte" en daar is 'n opsomming van die eerste onderwyskongres. Die artikel oor opvoeding sluit hierby aan en eindig met 'n gepaste sin: "Uiteindelik bly dit in die sterk hande van God, wat altyd vir Sy kinders sal sorg".

Lekker lees aan die uitgawe.

Namens die Kaapse redaksie,  
Sjirk



## IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel .....	2
<b>Uit die Woord</b> .....	<b>3</b>
Opvoeding van kinders .....	3
Jos.3+4: Opvoeding van die goeie Vader	5
Dissipline en gereformeerde opvoeding...	6
<b>Oppad</b> .....	<b>7</b>
Uitkomsgebaseerde onderwys .....	7
Al ooit gehoor van...? .....	8
Soos wie lyk jy? .....	9
<b>Voel jy ook so?</b> .....	<b>11</b>
'n Kort verslag van die VGK onderwyskongres te Bellville (Jun'05) ...	11
Doopbelofte .....	12
Groepsdruk: om 'in' of 'uit' te wees .....	14
<b>Deur die sleutelgat</b> .....	<b>15</b>
<b>Voetspore</b> .....	<b>16</b>

## VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

**14 Augustus 2005**



# **Uit die Woord**

## Opvoeding van kinders

*Robert v/d Berg*

*"...dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie...  
en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak...."*

Hier, reeds in Deuteronomium 4, is die opdrag aan die ouers gegee dat hulle hul kinders moet opvoed volgens hul kennis van God en sy liefde. Die latere onderwys deur ander persone sluit hierby aan deur om dié kennis vas te lê.

### **Hoe moet ons ons kinders opvoed?**

Ouers moet hierdie taak verrig volgens God se Woord. God het die volk (ons) uit die letterlike slawerny van Egipte gelei. Hy het manna gestuur en het aan die volk water gegee wat uit 'n rots gevloei het. God het die volk geseën en hulle groot rykdom gegee. Hierdie rykdom wat God hulle gegee het, kon hulle slegs kry deur die wet van God te onderhou. Deur die wet te gee, verseker God dat die volk nie in die slawerny van die sonde sal val nie, maar dat as hulle dit onderhou, hulle vry sal wees. God wou nie hê dat die volk weer in die slawerny verval nie en dis hoekom Hy dié Goddelike riglyne gegee het.

In die woestyn het God die volk alles gegee wat hulle nodig gehad het. Hierdie ervarings se doel

was opvoedkundig. In die Ou Testament het dit dikwels gebeur dat God die volk verneder het om hulle iets te leer wat hulle anders nie sou geleer het nie. Voorbeelde hiervan is die beproewing van Job, Abraham of Jeremia. God se volk leer vandag nog lesse deur die beproewing wat God stuur. Die volgende generasie word aangespoor om die God van hul vaders te vrees en om Sy wet te onderhou.

By die doop van die kind belowe die ouers voor God en die gemeente dat hulle die kind tot die beste van hul vermoë sal onderrig en laat onderrig. Dissipline is nodig in die huis, maar eindelose reëls is onnodig. Deurdadig die kind telkemale gekorrigeer word oor klein dinge, word die kind ontmoedig. Die positiewe werk van 'n ouer word in Ef. 5:29 aangeraak. Die woorde is "voed" en "koester". Die kind moet versorg word net soos die Here Sy volk koester. Hierdie woorde kan letterlik wees in die sin van liggaamlike voeding, maar ook in die sin van geestelike voeding. Die ouers moet altyd die

kind se vrees vir die Here die eerste plek gee, en nie die harmonie in die huis nie.



Die belangrikste plig van ouers is om die kinders in die liefde en vermaning van God op te voed. Hierdie liefde en vermaning is die dinge wat God in die lewe van 'n kind kan inbring as die ouers hulle plig doen. Ouers moet meer omgee oor die kind se lojaliteit teenoor God as die prestasies op skool, in sport of in enigiets anders.

#### **Kan ons self, uit eie krag, ons kinders opvoed?**

Die antwoord op hierdie vraag is 'n eenvoudige NEE. Ouers kan nie op hul eie hul kinders in die liefde en vermaning van God opvoed nie, omdat hulle self sondaars is. Die mens is in sonde ontvang en gebore. Dus as ouers sonder die hulp en bystand van God 'n kind opvoed, is dit blindes wat 'n blinde lei.

Hoe kan ouers dan die verstand kry om hul kinders op te voed? Ouers kan boeke lees wat

vanuit 'n christelike oogpunt hieroor handel, ouers kan met ervare ouers gesels om meer te leer, en die belangrikste ding wat ouers kan doen om kennis oor die saak te kry, is om te bid. Ouers kan, net soos Dawid in Psalm 119, God aanroep vir verstand en wysheid. Dawid het die wet van God lief gehad en het dit bepeins. Hy het gesê dat dit hom wyser maak as die ou mense, en dat dit hom op die regte pad gehou het. Dis wat Job gedoen het vir sy kinders; as sy kinders weggegaan het na 'n partytjie, het Job God aangeroep om hulle te bewaar van die sonde, en om die sondes wat hulle wel doen te vergewe. Job het dus as die middelaar tussen sy kinders en God opgetree. Net soos Job in die Ou Testament, tree Christus nou vir ons as Middelaar op. As ons bid word die gebede perfek gemaak voor God.

Wat ook by hierdie vraag aansluit is die onderrig wat die kind van ander mense ontvang. By katkisasie kry die kind kennis oor die liefde van God asook die insig in spesifieke bybelgedeeltes. Ander mense kan dus ook 'n groot rol in die opvoeding van 'n kind speel.

#### **Waar eindig die ouers se verantwoordelikheid teenoor hulle kind se opvoeding?**

Die doel van die opvoeding is dat die kind selfstandig raak en verantwoordelik kan word. Dit hou in dat jy as ouer die kind meer en meer self sy eie besluite laat neem. Die ouers kan net tot op 'n sekere tyd al die besluite in die kind se lewe neem. As een van die kind se besluite dan sleg is, moet die kind die gevolge dra. 'n Ouer kan altyd nog advies aan die kind gee, maar kan nie meer vir die kind sê hoe om sy lewe te lei nie. Ongelukkig kan selfs die beste opvoeding slegte gevolge hê. Die kind kan besluit om die kerkverband te verlaat, of dit kan gebeur dat die kind in die verkeerde vriendekring beland. Uiteindelik bly dit in die sterk hande van God, wat altyd vir Sy kinders sal sorg.

---

*Invest in the future -*

*lead a child to Christ.*

# Josua 3 en 4: Opvoeding van die goeie Vader

Arjan van Houweligen

Ek wil in die artikel veral Josua 4:21-24 bespreek, maar dit sal goed wees om eers 'n bietjie na die agtergrond (veral hoofstuk 3) te kyk. Die verhaal wat hier vertel word is dié van die deurtog van die volk Israel deur die Jordaan. Vir ons almal wel 'n redelik bekende verhaal, maar tog 'n bietjie op die agtergrond. So iets soos die deurtog deur die Skelfsee, maar dan kleiner en minder indrukwekkend. Veral hier in Suid-Afrika, met ons min water, is ons geneig om hierdie wonder as middelmatig te beskou. En miskien is dit ook so, dat 'n mens hierdie wonder as 'n kleiner een kan bestempel wat betref die aantal liters water betrokke in hierdie wonder teenoor die wonder by die Skelfsee. Maar verseker is die wonder nie minder belangrik nie: Die HERE, wat sy volk gehelp het om te vlug uit Egipte, vervul sy beloftes deur sy volk nou op wonderbaarlike wyse in Kanaän in te lei.

Een van die redes hoekom die HERE die intog in Kanaän met 'n wonder gepaard laat gaan, gee Hy in hoofstuk 3 vers 7: Die volk Israel het 'n baie sterk leier in Moses gehad, wat in direkte kontak met God gestaan het. God wil nou vir sy volk ook vertrouwe gee in hulle nuwe leier, dat hulle weet dat hy deur die HERE self aangestel is. So sorg die HERE vir sy volk dat hulle met goeie moed die land in besit kan neem.

Maar 'n nog belangriker rede word duidelik as ons kyk na *hoe* die wonder plaasgevind het: Die priesters moes, met die verbondsark op hulle skouers, regop op die water afstap, en sodra hulle voete die water tref, droog die rivier op sodat die volk kan deurtrek. Nadat die hele volk deurgegaan het, loop ook die priesters met die verbondsark op hulle skouers uit die rivier uit, en die rivier gaan weer sy normale gang. Ek noem nou twee keer na mekaar die verbondsark wat volgens taalkundige reëls dalk bietjie oorbodig is, maar dis nog niks in vergelyking met die beskrywing van die wonder in die Bybel nie: In Josua 3 & 4 word die verbondsark 18 keer genoem, en dan ook baie uitgebreid, soos "... die ark van die HERE, die HERE van die hele aarde" (Jos. 3:13). Alle aandag is op die verbondsark. Die HERE wys baie visueel dat dit Hy is wat sy volk uit Egipte uigelei het en nou ook inlei in die beloofde land. As Josua self 'n

teken gedoen het, sou die mense hom dalk bewonder het, maar nou staan die ark, die troon van die HERE, sentraal. So duidelik sigbaar dat 'n mens dit nie maklik sal vergeet nie. Die HERE doen dit omdat Hy weet hoe mense is, hulle kan maar al te maklik begin dink dat hulle op eie krag die land verower het (sien die HERE se waarskuwing hierteen in Deut. 6:10-12). Deur die ark sentraal in die wonder te stel, druk Hy hulle nog 'n keer op die hart dat hulle alles aan Hom te danke het.

Om te sorg dat hierdie wonder nie in die vergetelheid raak nie, gee die HERE opdrag dat die volk 'n monument moet oprig op die plek waar die volk oor die Jordaan getrek het. Hierdie monument is bedoel om klein kinders nuuskierig te maak, sodat hulle sal vra wat die klippe beteken. Die HERE neem 'n ekstra voorsorgmaatreeël om seker te maak dat die volgende geslag Israëliete nie sy daede sal vergeet nie. Hy dwing so te sê die mense wat die wonder eerstehands beleef het om hulle kinders daarvoor op te voed. Die HERE wil hê dat die volk behalwe vir die wette, waarvan die vorige twee Bybelboeke vol is, veral ook sy daede sal onthou. As 'n mens Deut. 6 lees kan 'n mens sien dat juis die daede sentraal staan in die kinders se opvoeding: As 'n kind vir sy pa gevra het, wat die sin is van alles wat sy pa hom vertel het, dan moes die pa sy antwoord begin met 'n beskrywing van wat die HERE alles gedoen het (Deut. 6: 20-22). Daarna sal die kind pas verstaan hoekom die geboorte en tradisies van die volk ook belangrik is. As ons wil opvoed of 'opgevoed wil raak' in die wil van die HERE, sal ons allereers onself moet verwonder aan wat Hy alles gedoen het. Dán sal ons Hom leer ken en wil dien. Hy wil nie dat ons sy daede sal vergeet nie, want dan vergeet ons Wie Hy is.

As 'n goeie Vader het die HERE ons 'n boek vol beskrywings gegee oor sy daede en sy Persoon. Daarby, om ons te dwing om daarna te kyk, maak Hy gebruik van allerhande visuele herinneringe (monumente) van sy daede. Dink aan die reënboog, die monument by die Jordaan (in die Ou Testament) en die sakramente wat Hy in die Nuwe Testament ingestel het. Ons opvoeding is in goeie hande.

# Dissipline en gereformeerde opvoeding

Anita Zielman

*Hy tugtig die een wat Hy liefhet.*

## Wat is dissipline?

Die HAT beskryf dit soos volg: *Gehoorzaamheid aan gesag; bestraffing om orde te bewaar (kan as tugtiging gesien word)*. Hierdie woorde het my laat terugdink aan 'n prentjie van 'n kwaai juffrou. Haar vinger wys na die klas en sy gluur hulle aan oor die rand van haar bril. Of laat dit jou terugdink aan daai pak slae? Ja, daardie een waar die blou strepe so eweredig oor jou agterstewe versprei was. 'n Mens lag nou daaroor, maar sulke prentjies laat geen lekker gevoel by my agter nie.

Hoe baie onderwysers en selfs ouers het misbruik gemaak van dissipline? Hoeveel lewens en selfbeelde is nie al deur dissiplinêre maatreëls aangetas en beskadig nie? Dit is werklik jammer dat daar onderwysers en ouers is wat hulle magsposisie misbruik het. 'n Groter jammerte is dat hulle die kind maar net wou dissiplineer en op sy plek sit! Dié optrede van veral onderwysers het daartoe bygedra dat dissipline in skole sterk afgeneem het. Die kind staan nou sentraal. Brutaalweg gesê: die kind reël en speel met die onderwyser soos hy self lus kry. Juffrou/meneer mag tog niks meer aan my doen nie.

## Dissipline is nodig

Tog is dissipline noodsaaklik. God het die wêreld geskep met orde, reëlmaat en dissipline. God se wet spel dit al duidelik vir ons uit: *"Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee" (Ex 20 :12)*. God weet wat die beste vir Sy volk sal wees. Hy het die wet nie vir niks opgestel nie. Lees ook verder in Levitikus en Deuteronomium. God sê baie duidelik hoe Hy gedien wil word, maar ook wat gebeur as jy nie Sy wette nakom nie. God het dissipline geskep met 'n rede: As Hy alles aan ons oorlaat – as ons sentraal staan en nie Hy nie – dink net in watter groot chaos sal ons die wêreld dompel! Ek wil so arrogant wees om dit te vergelyk met die chaos wat kinders deesdae in (Godlose) staatskole veroorsaak.

## Geen dissipline

'n Kind het reëls en dissipline nodig. Hy moet weet wat die raamwerk is waar binne hy homself mag uitleef en ontdek. Dit gee vir hom sekuriteit en 'n gevoel van geborgenheid en veiligheid (soos God dit geskep het), sonder definitiewe reëls en dissipline voel die kind onveilig. Hy weet nie meer wat van hom verwag word en hoe ver hy dinge kan vat nie. Sy

veiligheids-raamwerk is weg. Hy probeer alles uit wat hy maar kan. Hy dra geen kennis meer van goed of kwaad. Alles-kan-en-alles-mag het die motto geword van die hedendaagse postmodernistiese samelewing. Geen reëls, regulasies en dissipline meer nie. Dit gaan van kwaad tot erger. Saam met die verlies van dissipline, word die woordjie respek ook stelselmatig uit die woordeboek geban.

Wie van die wêreld se opgroeiende jeug, studente en werkendes weet nog wat respek is? Waar is die respek vir hulself, vir ouer mense, mense wat bo hul aangestel is, en vir ander kulture? So kan die lysie aangevul word. As die respek vir laasgenoemde al weg is, waar bly dan die respek vir jou Godgegewe lewe en bowe alles vir God? Nogal 'n duistere prentjie wat ek skeep, nie waar nie? In Psalm 2 lees ons al wat gaan gebeur met die wat nie gehoorsaam wil wees aan God se gesag nie: *"Dien die Here met vrees, en juig met bewing. Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!" (Ps. 2:11-12)*.

Ons mag egter nie in sak en as gaan sit nie want: Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil! Ons mag by God skuil en die kinders en eendag jou kinders, word met 'n verskil opgevoed!

## Die verskil

My tydjie in Nederland het my tog laat besef in watter bevoorregte situasie ons is. Ek het self vir 'n half jaar skool gegee aan 4-6 jariges. Gelukkig was daar nog 'n mate van dissipline maar die norme en waardes het al heel wat verwater. 'n Mens kon dit agterkom in die manier waarop die kinders teenoor jou/sy ouers en maats opgetree het. Toe ek hier begin skool gee het was die verskil duidelik. Ek sou my kleuters kon bestempel as 'engeltjies' in vergelyking met die Nederlandse kleuters. Die verskil lê in die opvoeding van die kinders. Eerstens besef die ouers hoe 'n belangrike taak hulle het t.o.v. die opvoeding van hul kinders. By 'n kind se doop lê die ouers 'n belofte af. Die kind word na die Johannes Calvyn laerskool gestuur. By die skool word 'n Christelike en gereformeerde standaard gehandhaaf. Norme en waardes word aan die kind geleer. Kinders luister as hulle gedissiplineer word en kinders het nog respek vir die onderwyser. Dit word hulle al van huis uit aangeleer. Daar word ernstig omgegaan met God se wette. Nee, dit is nie altyd maklik nie, ons het elke dag te doen

met ons eie en die kinders se sondige natuur. Die kind moet weet wie is die 'baas' (Juf / Mnr) en vir wie daar geluister moet word. Maar - veral vir die jongeres - moet daardie selfde persoon ook 'n toevlug kan wees. Soms is dissipline te swaar en kan dit 'n kind ook onveilig laat voel en hom bang maak, maar ons mag steeds by God pleit om vergewing en by Hom skuil. God is vir ons 'n toevlug in die nood en dit mag ons ook vir ons kinders leer.

### Ten slotte

Dissipline word aan kinders geleer want hy gaan dit in sy latere lewe bitter nodig kry. Elke mens het dissipline nodig - selfdissipline - neem bv. die student wat moet kies tussen 'n partytjie Saterdagmiddag of vroeg in die bed klim om wakker te wees in die erediens. Dit wat jy gaan doen is op die ou end jou keuse. Maar die dissipline wat jy oor jou self het sal bepaal

watter keuse jy gaan maak. Dit geld in al die gebiede van die lewe. Sonder dissipline raak jy jou norme en waardes kwyt en jou lewe verval dan in 'n chaos. As jy ver afdwaal kan jy vergeet hoe om met God om te gaan; die God vir wie ons die grootste respek en eerbied moet toon.

'n Belangrike punt om te onthou: weet watter invloed dissipline of geen dissipline het op onself en eendag sal hê op ons kinders en die toekoms. God het die wêreld geskape met orde, reëlmaat en dissipline. Laat ons dit onthou as ons nadink oor dissipline.

- \* Dank God vir 'n Gereformeerde Laerskool
- \* Bid vir seën op die werk wat daar gedoen word
- \* Dank God vir die opvoeding wat jy mag ontvang



---

## Uitkomsgebaseerde onderwys

*Jaco Haak*

Ons lewe vandag as gereformeerdes in 'n sekulêre omgewing. 'n Omgewing wat vanuit 'n stormagtige geskiedenis probeer strewe na 'n nuwe samelewing waar almal gelyk is en almal regte het. Na apartheid is dit daarom ook nie snaaks dat daar probeer geleer word uit die verlede nie. Alles word daaraan gedoen om ons nasie te bou na een van eenheid, aanvaarding en samewerking. En ek dink dit is mooi. Natuurlik is daar dinge wat nie klop nie, dinge wat ons as christene grief en hartseer maak, maar Rome is nie in een dag gebou nie. 'n Mens kan tog maar net aktief strewe na iets, want ideaal gaan dit nooit wees nie. En 'n begin moet êrens gemaak word...

Onderwys is ook 'n area waar die regering probeer om burgers van ons land op te voed wat hierdie ideale nastreef. Alhoewel UGO (Uitkomsgebaseerde onderwys), wat al 'n tydjie in werking is, nog redelik jonk is en nog nie ten volle geïmplimenteer is nie, moet die ideale verwerklik word.

### UGO se doelstellings verskil nie veel van ander lande se doelstellings nie.

Dit is dus wel kompetierend internasionaal en dus 'n natuurlike keuse vir die regering om ons land ekonomies en sosiaal op die regte spoor te bring. Dit tel dus in UGO se guns. Daar is nog meer positiewe punte, waarvan die fokus op selfwerkzaamheid en verantwoordelikheid van leerders vir hul werk net twee voorbeelde is. Ongelukkig is daar vele negatiewe aspekte ook...

Op 'n onlangse onderwyskongres (VGK) het Pieter Bisschoff, hoof van Gereformeerde Skool Dirk Postma, ook in 'n toespraak onder andere hieroor gepraat. Die humanistiese-naturalistiese filosofie van UGO, die gelykstelling van christelike geloof met alle ander gelowe, die wegdoen van godsdienste en die skep van een wêreldgodsdienste, en universeel-sosialistiese waardes is maar net sekere van die talle negatiewe punte.

Dat UGO verkeerde en onchristelike doelstellings en ideale het, is seker. Maar ons moet nie vergeet dat ons hier met 'n 'work in progress' te

doen het nie. Die onderwysdepartement weet nog nie altyd wat hy wil nie. Veranderings word aangebring en dus, dink ek, is dit nog te vroeg om te sien presies watter effek dit gaan hê op die leerder. Tot in watter mate word kinders daarmee gekonfronteer?

### **Die vorige onderwys beleid was net so vrot.**

Toe het die regering hulle gemaklik neutraal opgestel en alles verbloem met 'n sogenaamde christelike beleid. Watter beleid die regering van vandag of more gaan opstel gaan tog nooit voldoen aan ons wense nie. Die vraag is eerder wat ons hiermee gaan maak.

Hiermee het ek die onderwerp nou behandel en afgesluit. Tog bly daar by my nog baie vrae wat ek nie bevoeg is om te beantwoord nie.

Is daar genoeg rede om gereformeerde hoërskole te stig? Wat is die beweegredes daarvoor en hoe vul ons dit in? Moet daar nie 'n natuurlike groei wees na 'n gereformeerde hoërskool nie?

Dat ouers hul kinders tot die beste van hul vermoë as God se kinders moet opvoed is duidelik. Doen ons ouers genoeg in hierdie verband? Is gereformeerde skole direk die antwoord op al ons vrae?

Ek wil my kind na die beste van my vermoëns eendag opvoed. Hom leer van God en hom lei na God. Hoe gaan ons te werk hiermee? Wat wil God hê moet ons doen?

My soeke het my gelei na die kerkorde (artikel 21) wat sê: "Die kerkrade moet toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied". Wat baie vaag is as jy my vra. Wanneer kom die punt dat dit geregverdig is om 'n Gereformeerde Skool te stig?

Ten slotte wil ek net my lof uitspreek oor die afgelope onderwyskongres. Dit was bemoedigend en het my bly gemaak dat ons as christene tog so erns maak van hierdie taak. Ek voel persoonlik dat ek my kind met blydschap na 'n gereformeerde laerskool sal stuur wat goeie beleid en implementering het. Hoërskool is weer 'n perd van 'n ander kleur. Mag ons almal strewe na 'n goeie christelike opvoeding vir ons kinders en vir God vra om leiding.

Bronne:

Informasieblad vir "Hoërskool – 'n oop gesprek?" deur Henria Stolper.

Verskeie Clarions.

Ds. Viljoen.

"Roeping in die onderwys" deur Pieter Bischoff. (Spesiale uitgawe vir onderwyskongres).

---

## **Al ooit gehoor van...?**

*Linda de Vente*

So, aan watter kerk behoort jy? Die antwoord: 'Die Vrye Gereformeerde Kerk', laat die ander verward staan. 'Ekskuus, watter kerk sê jy?' Is dit nie die reaksie wat ons baie keer kry nie? Maar wat doen ons as iemand sê hy of sy behoort aan die Spade Reën of dalk aan die Vrymesselaars? Ken ons wel hierdie 'kerke'?

Wat maak dit belangrik dat ons hierdie sektes of kerke ken?

In Hosea 4:6 staan daar 'My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis'. As ons nie hierdie kennis oor sektes en ander kerke het nie, hoe gaan ons weet dat die ander die waarheid verdraai? En met Satan aan hulle kant, kan hul ons vang op iets wat vir ons so gewoon lyk. Maar gelukkig het ons iemand anders aan ons kant, die Here. Hy belowe ons ook in Romeine 8 vers 31b dat as Hy vir ons is, daar niemand teen ons kan wees nie. Maar Hy werk deur Sy Woord en die Heilige Gees. Satan bly egter altyd probeer om die gelowiges te verlei.

Daarom moet ons altyd bly Bybelstudie doen sodat ons kennis uit die Bybel kan verkry.

'n Studie oor sektes gee ons dus 'n dieper insig, grondiger kennis en 'n konkrete bewapening.

In die volgende paar uitgawes gaan ons na 'n paar verskillende sektes kyk. Ons gaan let op hul oorsprong, geloof en handeling. Voor ons daarna kyk is dit belangrik om te weet wat die kenmerke van sektes is.

Daar is drie oorhoofse kenmerke wat ons by elke sekte vind. Sektes het ooreenkomste in hul oorsprong, optrede en leer.

### **1. Oorsprong**

Elke sekte het sy oorsprong en grondslag in die persoonlike, subjektiewe ingewing van 'n sekere persoon. Hierdie persoon sou dan 'n 'openbaring' van God ontvang het. Die boodskap omvat gewoonlik óf die sogenaamde gebreke en dwaling van die kerk óf die wederkoms van Christus. Daarom moet hulle hul afskei van die kerk met sy 'gebreke'. Hierdie 'openbaring' kry dan soveel waarde dat dit selfs belangrijker is as die Bybel en die Sakramente.

## 2. Optrede

Die mense wat aan 'n sekte behoort is meestal geestelik verwaand. Hierdie verwaandheid lei hulle om so eiegerig te wees dat hulle glo dat hulle alleen reg is en al die ander gelowe is verlore en verdwaald. Met hierdie siening oordeel hul dus oor ander. Hulle grootste vyand is die kerk. Die leer en instellings is verdorwe. Die kerk is selfs vir hul 'n groter vyand as die Satan self. So probeer hulle deur 'n kerk af te rokkel 'n lidmaat van 'n ander kerk trek tot hul geloof.

## 3. Leer

Sektes probeer die Woord van God verklaar volgens elke letter. Elke letter moet dus iets beteken. Ook hou hul daarvan om tekste uit verband te ruk en dan 'n ander betekenis te gee. Hulle sal selfs deur leestekens te verskuif die Bybel aanpas by wat hulle glo. As hulle oor hul geloof praat en dit wil wys uit die Bybel, sal hulle net by enkele sake stilstaan. Dit kan selfs net een teks wees! Later word hierdie sake soos die doop, vreemde tale, kleredrag of Christus se wederkoms só belangrik dat hulle vergeet van Christus en die verlossing wat Hy bewerk het.

Die oorsprong van sektes is reeds sondig. Die Here spreek nie meer deur nuwe openbarings nie. Jesus Christus het die tydperk afgesluit en daarom het ons sy onfeilbare Woord. Die optrede dat hul so verwaand is is ook sondig. 'n Gelowige moet juis plek maak vir Christelike nederigheid. Ook kan net God bepaal wie uitverkore is en ons het nie nodig om daarvoor te oordeel nie. Die Here het die hele Bybel vir ons gegee. Daar kan nie besluit word dat een teks minder wêrd is as die ander nie. Dit is minagting van God se Woord. Die Here skryf self in die Bybel in Openbaring 22 dat wie wegneem uit die Boek, van hom sal sy naam ook weggeneem word uit die boek van die lewe.

Die kenmerke van sektes sal ook in elke bespreking oor die verskillende sektes aandag kry.

Laat ons ons kennis verdiep, dat ons met nuwe oë na ander gelowe kyk en so mag weet waar die gevare is.

Bronne:  
Sektewalings Ds. H.C.J Flemming

---

# Soos wie lyk jy?

*(Geneem en vertaal uit die boekie "op al mijn wegen" geskryf deur Annie Verdelman - 'n aantal artikels wat gepubliseer was in die Elisabethbode: Lochem, 1981)*

Het jy al ooit bewustelik gebid vir ouers wat 'n kindjie van God gekry het wat nooit geestelik en liggaamlik volgroei sal wees op hierdie aarde nie? Miskien skrik jy vir die vraag, soos ek ook self die slag geskrik het. Toe ek skielik besef hoe maklik ons dikwels verby die hartseer van sulke ouers leef. Totdat jy skielik daarmee gekonfronteer word deur 'n ontmoeting, 'n gesprek. Soos ek daardie dag.

Mag ek vir jou die verhaal vertel, en my ontmoeting joune maak ...?

Hulle was al jare getroud, voor hulle hul eerste kind van God gekry het. Hoe bly was hulle nie! Met elke besoek het hulle hom trots getoon: is dit nie 'n skattige baba nie? 'n Enkele besoeker het min gesê, beaam dat dit 'n flink seun is en verder stil gebly. Nou-ja, almal is nie ewe spontaan nie.

Totdat ... Was dit 'n maand later, dat sy dit vir die eerste keer gevrees het? Na twee maande? ... Na vier maande vind hulle oë mekaar bo die wiegie. En in hul oë dieselfde, bang vraag. Skort daar iets met hulle kindjie ...?

Dokterskonsultasies. 'n Besoek aan die spesialis. En toe die sekerheid. "Dit spyt ons, meneer, mevrou. U kind toon inderdaad tekens van Down Sindroom ..."

Hulle kind 'n mongooltjie ... Kan jy jousef die hartseer van hierdie ouers indink. Hulle worsteling. Hulle stryd met God, wat aan hulle so 'n kind toevertrou het? En hoeveel van die ouers is daar nie ...

Ja natuurlik, jy is reg, ons kan nie die leed van die hele wêreld op ons skouers dra nie. God vra dit ook nie - dit het Jesus Christus al gedoen. Ook die hartseer en leed van hierdie ouers. Maar God vra wel van jou en my dat ons Sy beeld vertoon. Dit is - amper te groot om neer te skryf - dat ons soos Hom sal lyk. Dat die barmhartigheid van ons hemelse Vader - om Jesus wil ons Vader - ook van ons sal afstraal ...

Daarvan bring ons maar bitter min tereg. Ons lyk nie baie op Vader nie - ook nie in ons houding teenoor mense wat in hul lewe so 'n swaar las het om te dra nie. Soos die ouers waarvan ek julle vertel het.



'n Paar voorbeelde.

'n Ma sit êrens op 'n beskutte plekkie in die duine. Langsaan haar 'n stootwaentjie - haar klein meisie moet baie in die buitelug kom, het die dokter gesê. Pa is met die ander kinders strand toe. Daar kom twee dames verby. Een loer in die waentjie. Sy skrik sigbaar: "ag ..." - en stap aan. Haar vriendin met haar oë beduidend. Die moeder voel dit meer as wat sy dit hoor, hoe hulle 'n ent verder fluister: " 'n mongooltjie ... jammer nê ...!" En sy bly alleen agter. Met haar kind, van wie sy so sielsbaie hou. Met 'n nuwe wond wat pyn, pyn ...

'n Verjaarsdagbesoek. Die gesprek kom onvermydelik op die kinders. 'n Pa wat duidelik laat blyk dat sy seun die beste in die klas is. 'n Ma bekla haar nood: "Gerda kom nie reg met die hoërgraad vakke nie, en ons wonder of sy standaard graad gaan maak". En dan verlore in daardie geselskap twee ouers wat sou wil uitskreeu: "Kon ons Anneke net maar volgende jaar hoërskool toe gaan, ons sal alles daarvoor gee ...!" Maar Anneke is al 'n paar jaar 'weg'. Dit wou by die huis nie meer werk nie ...

Ag, jy kan self nog voorbeelde byvoeg - daar is genoeg ...

"Wees dan barmhartig, net soos julle Vader barmhartig is". In gesprekke. Met die blik in ons oë. In alles ... Vader vergeef ons dat ons so selde U beeld vertoon!

God is barmhartiger as ons. Dit is beter om in Sy hande te val, as in die hande van mense. O ja, ek weet wat jy wil sê. Ek worstel met dieselfde vraag. Die vraag wat soos 'n stormwind deur die lewe en harte van soveel ouers gaan. Hierdie vraag: Waar IS die barmhartigheid van God as hy aan sulke kinders die lewe skenk ...?

Ken jy die gedig van Koos van Doorne: "Die prins"? Hier volg dit, en skryf dit maar in jou hart!

*Het jongetje was achterlijk  
en toch zo schoon geschapen  
dat ik bij eerste aanblik niet  
de diepe kloof zag gapen*

*die tussen hem en 't leven lag.  
Eerst toen hij sprak ondedekte  
ik de onleesbare schriftuur  
die zijn gelaat bedekte.*

*Wie peilt het leed van hem en haar  
die aan dit leed zich wennen?  
Verwacht niet dat u dit papier  
hun ouderpijn doet kennen.*

Stil ... Laat ons stil wees en die hand op die mond lê ... Want dit gaan hier oor ons hemelse Vader. Die Vader wat sy enige Seun vir ons aan die dood oorgegee het ... 'n Vader wat soveel vir my en jou oorgehad het, kan nie genot put daaruit om ons te pla en ons lewe in moeite te bring nie. Dit sê Hyself, en daarop vertrou ons. Glo is nie: bewys nou maar vir my deur dit vir my te wys nie - glo is juis self die bewys van dit wat ons nie kan sien nie. Maar dan ook 'n onvervalste bewys!

Ek het 'n slag hieroor gesels met 'n moeder van wie God hulle gebrekklike kindjie weer tot Hom geneem het. Een sin uit die gesprek wil ek graag aanhaal. Sy vertel: "Tog het ek nog nooit so naby die hemel geleef, as toe ek hierdie kind van God gekry het om te versorg nie ..."

Nee, dit het niks met sentimentaliteit te make nie. Dit is nou daardie magtige realiteit van die geloof! Dat God ryke vrugte laat groei uit die saad van die moeite in ons lewe.

En tot slot: As hierdie kinders waarvan ons nou gepraat het, as hulle almal waarop ons so gemaklik die etiket 'onvolwaardig' opplak, slegs vir hierdie lewe geskape was, ja, dan sou die woorde op ons lippe besterf het. Maar ... eendag mag ook hulle heeltemal op Vader lyk! Want daarvoor het Jesus Christus gekom. Hy skaam hom nie een oomblik om ook hulle "Broer" te wees nie. Hy sê: stil maar, wag maar, alles word nuut. Jou liggaam en jou gees ook. En dan lyk ook jy presies soos Ek, en soos my Vader. Jou Vader!

Vaders en Moeders met kinders wat hier op aarde nooit volgroeï sal word nie, laat u hierdie sekerheid nooit ontnem nie. Nooit en deur niemand nie!

*Want deze pijn kent God alleen,  
Hij, tot Wiens eer de jongen  
werd in gehoorsaamheid gedoopt  
terwijl de engelen zongen.*

*Neen, dit is hun en Gods geheim;  
geen ander kan dit dragen  
dan Hij die stierf als mensenzoon  
en klaagt ons aller klagen.*

*Doch Hij is ook evenzeer  
de Meester aller dingen;  
daarom zal Hij met sterke hand  
het kwaad zijn prooi ontwingen. (word vervolg...)*

*Hij sloot een hecht en trouw verbond  
met dit geschonden weze;  
daarom zal Hij zowaar Hij leeft  
dit mensenkind genezen.*

*Wanneer het nieuw Jeruzalem  
zal lichten op de aarde,  
zal ook dit achterlijke kind  
een koning zijn wiens waarde*

*door God zal worden hooggeschat:  
zijn Schepper zal hem kronen;  
in menselijk en hemels doen  
zal hij volmaaktheid tonen.*

*Mijn broeder en mijn zuster die  
uw bitter leed moet lijden,  
begrijp waarom ik thans niet schrei:  
God zal u zeer verblijden.*

*Gij zult uw kind aanschouwen als  
een Vorst van hemelingen  
die, heersend in de gouden stad  
Gods lof zal eeuwig zingen.*

---

## 🎯 Voel jy ook so?

---

### 'n Kort verslag van die VGK onderwyskongres te Bellville (Junie 2005)

*Marietjie Breytenbach*

Dit was die eerste keer dat al die onderwysers en die onderwysstudente van die gereformeerde skole in die VGK bymekaar gekom het om onderwys sake te bespreek. Dit was dus 'n geskiedkundige geleentheid waartydens daar ook 'n samewerkingsvereniging tussen die Gereformeerde Laerskool Bellville en die Johannes Calvynskole te Pretoria en Bethal gestig is.

Die geleentheid is die Saterdagmiddag afgeskop met 'n heerlike geselligheid waartydens almal van "heinde en ver" mekaar op informele wyse kon ontmoet en leer ken het. Wat almal se harte verbly het was die besef dat daar tans heelwat onderwysstudente is. Behalwe dat dit werklik aangenaam was om al die verskillende onderwysers te ontmoet, was die kongres werklik sinvol, leersaam en opbouend. Daar kon lekker met mekaar gesels word oor verskillende sake wat almal na aan die hart lê, naamlik die gereformeerde onderwys. Sake soos "Roeping" en "Onderwys en Tegnologie" is bespreek. Daar is ook besin oor "Wat is Gereformeerde Onderwys?".

Mnr Pieter le Roux Bisschoff van Dirk Postma het "Roeping in die onderwys" bespreek. Hy het dit kortliks as volg uitgelig. Die woord roeping

beteken dat God ons roep om in geloofsgehoorsaamheid dit te doen wat Hy van ons vereis. Wanneer ons besin oor ons roeping in die onderwys is dit belangrik om eers vas te stel hoe lyk die milieu waarbinne die onderwys plaasvind en dan vasstel wat God van ons eis te midde van hierdie omstandighede.

Eerstens is verwys na die heersende onderwysomstandighede. Die staatsonderwys is uitkomsgebaseerd. Dit gaan ook uit van 'n humanisties-naturalistiese filosofie. Behalwe vir die direkte aanslag van die staat is daar ook ander probleme. Sake soos sport, kultuur en sosiale bedrywighede staan ook voorop in die Suid-Afrikaanse bestel en ons is bang om ons kinders wêreldvreemd groot te maak. Omdat ons bang is om te midde van die reeds klein getalle nóg te verloor, is ons soms bereid om kompromieë aan te gaan in plaas daarvan om ons krag in Christus te soek.

Tweedens is na die posisie van die verbondskind gekyk. Die kind staan in die middel van hierdie omstandighede en hulle is die onervarenes wat geoefen moet word (Spr. 22:6) volgens die eis van God se weg.

Derdens is gekyk na die praktiese uitoefening van ons roeping. As ons kyk na Spreuke 22:6 dan is "oefen" harde werk. Dit vereis inspanning op vele terreine van beide die verbondskind en die verbondsouer/onderwyser. Hier is gekyk na die Onderwyser as beelddraer van God (Fil. 3:17), 'n Gereformeerde kurrikulum en Gereformeerde metodiek.



Dit is belangrik om te beseef dat die Skrif ons in Matt. 18:6 leer dat "...hulle wat kinders laat struikel, dit vir hom beter sal wees dat 'n meulsteen om sy nek gehang word en hy wegsink in die dieptes van die see".

Die roeping van die onderwyser is duidelik, maar ons weet ook dat die Here die onderwysers toerus en bekwaam maak om hulle roeping uit te voer (Ps. 90:17).

Johan Bijker het namens sy broer Mnr Gerhard Bijker die tema "**Onderwys en Tegnologie**" behandel. Hy het uitgelig dat 'n mens deur die moderne tegnologie te gebruik meer kan doen om minder te werk. Hy het verder verwys na verskillende internetsisteme en ander rekenaartegnologie wat baie goed te pas kan kom in die onderwys. Dit geld veral vir die huidige situasie waar daar nou 'n samewerkingsvereniging gestig is, maar ook dalk in die toekoms waar 'n mens daaraan kan dink om ook die platteland te bedien met Gereformeerde Onderwys.

Verder is daar vir 'n hele dag kontaksessies gehou tussen die onderwysers en studente van die Grondslagfase, maar ook tussen dié van die Intermediêre en Senior fase. Daar is gesels oor vakinhoud en evalueringmetodes, rapporte en portefeuljies, rekenaars en oerbetrokkenheid, ens. Verskillende vrae en probleme kon uitgesorteer word en ons kon van mekaar baie dinge leer. Daar is baie idees, kennis en telefoonnummers uitgeruil. Almal het dit goed en opbouend ervaar en hoop dat dit in die toekoms weer herhaal kan word.

## Doopbelofte

...in die genoemde leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?  
 "Ja" antwoord die vader ernstig  
 "Ja" bevestig die moeder bewoë

Na die diens gee die gemeente die ouers 'n hand en wens hul veel sterkte met die klein kalant. Nou is Petrus ook lid van die verbond met Bybelnaam en al, goed gegrond.

Al van kleins word hy reg opgevoed vroeg reeds bruis gereformeerdheid in sy bloed. Na ete word die Bybel gebestudeer en daarna word psalms gesing en geleer.

Petrus raak nou vyf jaar oud die weeklikse speelgroepie lok soos goud. Al is juffrou nie lid van die kerk doen sy 'n wonderlike werk.

(word vervolg...)

### A Church Garden

#### Three Rows of Squash

- ☉ Squash indifference.
- ☉ Squash criticism.
- ☉ Squash gossip.

#### Four Rows of Turnips

- ☉ Turn up for meetings.
- ☉ Turn up with a smile.
- ☉ Turn up with a visitor.
- ☉ Turn up with a Bible.

#### Five Rows of Lettuce

- ☉ Let us love one another.
- ☉ Let us welcome strangers.
- ☉ Let us be faithful in duty.
- ☉ Let us truly worship God.
- ☉ Let us give liberally.

Petrus ontwikkel baie goed  
hy leer van towerhekse en drakebloed.  
Ook met maats kan hy homself bekwaam  
hul speel selfs 7de-laan.

Ook by die kerk vergeet sy ouers hul belofte nie  
tydens dienste luister hy Bybelstories by die oppasgroepie.  
Petrus kan nog nie lank luister na God se werk  
daarom hou sy pa hom uit die kerk.

Sewe jaar is Petrus op die gereformeerde laerskool  
word in bybel en kerkgeskiedenis geskool.  
Verder kan hy ook reken, skryf en lees  
pa wens net dat daar meer sport kon wees.

Petrus vorder fluks tot die sewende graad  
volgende jaar is daar egter net 'n skool van die  
staat.  
Verkeerde dinge word glo daar geleer  
ongemaklik dink sy ouers aan die doopbelofte weer.

Sommige wil 'n gereformeerde hoërskool begin  
maar waar gaan dit hul bring?  
Die getalle en geld is effens min  
Petrus se ouers is nie lus vir die ding.

Petrus is in leer by die staat  
maar pa glo hy is paraat.  
Aan die wêreld blootgestel  
kan hy tog God se daade vertel.

Petrus ken nie meer die sinode van Dordt  
maar hy blink egter uit in sport.  
Ook in musiek bereik hy die top  
hul tree net af en toe Sondag op.

Petrus het matriek goed geslaag.  
Na die universiteit is nou sy vraag  
hy wil verder in leer by die staat.  
Sy soeke na "kennis" ken geen maat.

In die week word daar hard gestudeer  
naweke word daar met vriende verkeer.  
Saterdag word soms effens laat  
maar Petrus geniet graag sy jonkheidsstaat.

Een Sondag is Petrus nie in die kerk  
selfs die afkondigings word daardeur gemerk.  
Petrus is op aarde nie meer  
gisteraand het hy met "vriende" verkeer...

In die wyn het geluk geskyn  
maar op die pad het dit verdwyn...  
Langs die graf staan Petrus se vriendin  
selfs die kind in haar verroer nie 'n vin...

Waar het dit dan tog fout gegaan  
waarom het hy sy lewe so gebaan?  
Het hy dan vergeet wat ons hom geleer het,  
Of het ons vergeet om hom te leer?

(Willem Feenstra, 2005)

## Kruisdra in die Kerkgeskiedenis

# Zwingli

"God alleen kan die sonde vergewe en geen  
mens op aarde, hoe magtig hy ook al mag  
wees, is daartoe in staat!"

Dit is die woorde van 'n tydgenoot van  
Maarten Luther en ook 'n hervormer: Ulrich  
Zwingli (Switserland).

"Ag, maar dit is mos logies!" sal die meeste  
van ons dalk redeneer. Ek wil benadruk dat  
dit nie logies is nie - dit is WONDERBAARLIK!  
God was die sonde van sy kinders weg met  
die bloed van sy enigste Seun, Jesus Christus  
ons Verlosser. Dit terwyl ons met ons  
sondige natuur altyd teen God gekant is.  
Hierin lê juis ons saligheid, dat ons glo dat  
Christus ons sondes vergewe.

Hoekom begin ek hierdie artikel so? Die  
woorde het Zwingli in die groot roomse kerk  
in Zürich laat weergalm. Hy het dit gedoen  
om die mense te waarsku teen die  
aflaathandel. Die roomskatolieke kerk het  
aflaathandele verkoop aan mense. Daar is  
gesê dat hulle deur hierdie dokument te koop,  
hul familie uit die vagevuur kon koop. (Die  
vagevuur was die plek waar mense na die  
dood moes brand vir al hul sonde op die  
aarde. Daarna kon hulle eers hemel toe gaan  
en as hulle nie geglo het nie, of hulle het te  
veel sonde gehad, moes hulle somer vir  
altyd daar bly.)

Wat 'n absurde idee! Waar kom jy nou aan so  
iets? As jy in gedagte hou wat ek al vroeër  
geskryf het oor hoe die mense daardie tyd  
geleer is oor hul sonde, dan kan jy dink dat  
baie hulle broodgeld sou gebruik om aflate te  
koop! Dit was nie al nie, glo dit of nie: maar  
dit was slegs 'n geldmaak storie van die pous.  
So het die roomse kerk die mense gebluf.

Gelukkig sorg die Here vir sy kinders en in  
Switserland gebruik hy Zwingli om hulle te lei.  
Die Here het hul oë oop gemaak sodat  
aflaathandel in Switserland verbied is. Hy het  
weer sy Woord deur Zwingli na sy kerk  
gebring.

Vandag nog mag ons die voorreg hê om die  
waarheid van God se beloftes deur sy Woord  
en in ons lewens te ervaar.

# Groepsdruk: om 'in' of 'uit' te wees

Ronald Kamphuis

Koos gaan saam met sy ma winkels toe vir 'n paar inkopies. Loop daar die "popular guys" van die skool raak. Hy probeer nog wegkruip agter sy ma maar hulle het hom klaar gesien. Hulle nooi hom uit om die aand saam te kuier. Koos sien dit al voor hom... hy deel van die "popular guys"... almal sal na hom opkyk... maar hy weet ook dat hulle dwelms gebruik. Wat maak hy? Nog voor hy hom kon bedink sê hy nee. Hulle vra hom nog 'n keer maar hy bly by sy besluit. Hy stap weg. Hy voel asof hy sy enigste kans om "popular" te wees verbeur het. Hy wonder wat is die lewe sonder vriende ....

As jongmense is ons almal oppad na volwassenheid. Van onselfstandige seuns en meisies na selfstandige manne en vroue. As jongmens wil jy steeds meer en meer op jou eie gaan doen. Jou eie dinge reël. Jy word selfstandig. Daardeur begin jy minder met probleme by jou ouers kom. Jy praat eerder/makliker met ander jongmense wat ook dieselfde probleme ervaar. So het ons almal 'n behoefte aan vriende. Vir meeste van ons is die woorde "ons ouers verstaan tog nie ons probleme nie" maar alte bekend. Vriende verstaan mekaar ten minste. Daardeur kan die vertroue tussen vriende baie groot wees. So soek jongmense mekaar op, hulle soek steun by mekaar.

Vriende vorm dan 'n groep. Wat die groep doen, doen die individue ook. Jy herken die groep aan byvoorbeeld kleredrag, dinge wat hulle sê, en plekke waarheen hulle gaan. Die groep staan sterk. So word die mening van vriende dan belangriker geag as die van jou ouers, onderwysers, ens.

As jongmens in so 'n groep is daar ook 'n verantwoordelikheid. Watter dinge kan en wat kan nie in die groep of volgens die groep? Om jouself te bly in so 'n groep vra moed en durf. Dit hang baie af van jou karakter en tot watter mate jouself laat beïnvloed.

Vir jongmense is dit baie belangrik om by 'n groep te behoort. Dikwels is dit 'n geval van

groot moeite as jy nie "in" is by die groep as gevolg van kleredrag of beginsels nie. Jy wil so graag by 'n groep behoort, jy sal enigiets doen. En daardeur doen jy dikwels dinge wat teen jou beginsels ingaan. Jongmense se geloof en die aktiwiteite wat hulle in die kerk doen gaan meestal gepaard met die houding van die ouers daarvoor. Terwyl jou vriendegroep meer invloed het op die *inhoud* van jou geloof. Die belang van 'n groep is dikwels so groot dat jy jouself in verregaande mate aanpas om maar net by die groep te behoort. Om deel te wees van 'n groep het jy ook maar die nodige sosiale vaardighede nodig, soos om meer as net "hallo" te kan sê.



Dis bekend dat 'n groep al hoe meer ekstreem word in hul gedrag en opvattinge. Dit kan in twee rigtings gaan. Die een dat die groep al hoe meer risiko's begin neem of dat die groep al hoe meer behoudend word.

In Exodus 23:2a staan die volgende geskryf: "Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie". Hierin sien 'n mens duidelik dat negatiewe groepsdruk nie mag gebeur nie. Ons moet staande bly tussen die groep waarmee ons omgaan. As daar iets van jou verwag word wat teen God se wil ingaan, kan jy nie anders as om daar teen in te gaan. Meeste jongmense ervaar dit elke dag. Ondersteun mekaar en oefen so 'n positiewe groepsdruk op mekaar uit!

---

# Deur die sleutelgat

## WELKOM SLEUTELGATLOERDERS!

Met die internasionale uitgawe wat uitgekom het laasmaand was daar dus 'n enorme gaping en neem 'n mens aan dat daar veel is om oor te besin... Wel, nie eintlik nie. Eksamens het die meeste lelik ingeperk, maar getuig andersins wel van ongelooflike selfdisipline. Want dit is immers uiters moeilik om nie die jeug se sosiale geleenthede by te woon nie.

Ons moet eerstens die slegte nuus uit die weg ruim. Ons invloedryke en alom geliefde broeder, afkomstig van die land van ons kulturele voorvaders, gaan ons verlaat om terug te keer na reën, krokette (wat dit ook al mag wees), tulpe, frieskoeie en derglike dinge. Agter sy onwrikbare gesigsuitdrukking (sekeres beskryf dit as "stoer") dink ek dat hy ons tog gaan mis. As 'n mens as volksvreemde vertoef by Frans "de rots in de branding" Douma dan het jy met jou gat in die botter geval. Soveel so dat sy vriend Nico (die een met die oranje seil skoene) na net een dag se verblyf al opgemerk het: "Ik voel me zo tuis hier, ik wil nergens anders meer heen (die laaste deel is mildelik oordrewe)". Ons hoop jy het dit hier geniet en mag alles vlot verloop op jou pad vorentoe! Ons het inmiddels verneem dat hy beplan om miskien Kongres toe te kom, so wees op die uitkyk vir sy volgende verskyning. O ja, amper vergeet ek. Daar was natuurlik (weereens) 'n braai vir sy afskeid.

So die Kaap is weer Hollands, of nie. Dit is 'n deurmekaar konsep as dit gaan oor Hollanders. En daar is weer 'n paar nuwes soos die oues vertrek. Lizette (oftewel Elisabeth) gaan die eerste hollander wees wat, in plaas daarvan dat ons haar die land wys, sy ons begeleide toere gee! Dit omdat sy haar prakties in toerisme hier in ons pragtige moederstad kom doen vir ses maande. Hoop jy geniet dit hier in die sonnige suide!

In ander nuus het 'n ander gas, nog 'n Elisabeth, weer vertrek na haar tuiste in Transvaal met 'n hele bondel Geertse om haar veilig terug te bring. Gepraat van goed oppas! Sjirk, jy gee die Kaapse ouens 'n goeie naam! Ander besoeker Magda het haar met die geselskap van die Bosker dames en Riaan naby aan Alfred kom

vestig vir een of ander onverklaarbare rede. By sekere bronne was verneem dat Alfred en Adriaan meisies kry sodat Jaco darem nie te alleen voel nie!

Daar was ook 'n daggie in Belhar waar die jeug gaan hand bysit het. Die poppekas het platgeval maar nie die jeug nie. Klei, stories lees en vele ander oulike spelletjies het die kinders vermaak. Die wat daar was het dit baie geniet en het verryk huiswaarts gekeer.

Verkeer... Ons verkeer huidiglik in hibernasie. Die magies is vol, ogies toe en mense steun en kreun as hulle die bed uit moet. Dis winter vakansie en niemand sou dit gedink het nie. Nie omdat die eerste semester so lank was nie of omdat die voels migreer na ander gewestes nie. Nee, omdat dit nog so verskriklik warm is. Alles is groen, selfs Albert, wat groen is van jaloesie noudat sy Passat (Loveboat) onklaar is en die Piesang (sy grootste vrees) weer die pad vat. En Louis L'amour sou dit nie eens geglo het nie. Die twee skouperde van die langpad is al jare lank gewikkel in 'n stryd om die dood. Die een wat die langste die paaie van ons skiereiland platry sal wegstap met die bevaamde titel: "Blinkvosperd by uitstek". 'n Groot eer inderdaad. Op die oomblik dra die Piesang die geel trui en sal moeilik gestuit word. Maar daar sal nog opdraendes kom waar sy eweknie Loveboat die botoon sal voer. Freddie se varkie skree soos 'n maer vark in die derde plek met Siebe se Uno stewig in die vierde plek, nadat hy weereens sewe mense in sy motor gelaai het. Volg hierdie verbete stryd op Supersport 5...

Volgende keer meer oor die amateurs van die strand raak-rugby kompetisie op blouberg se strand. Waar die hortjies klap teen die ruitjies... Jammer daaroor. Laurika fluister in my oor...

Mag die herrineringe julle versadig deur die volgende kwartaal se struwelinge en gewoel. Die sleutelgat sal altyd daar wees om julle te vergesel deur die jare. Soos sand deur die uurglas, so is die dae van ons lewens...

Caio.

Ja lesers, u is nog steeds besig om die Olielamp te lees, en dis tyd vir Voetspoor. Nou wonder u seker wie het hierdie week hul verskyning op die rooi tapyt van die VGK gemaak? Vir meer inligting hieroor skakel ons (lewendig) oor na ons verslaggewer van E! Entertainment in Pretoria.

Pretoria – Die Kaap is weer Hollands. So lui 'n gesegde, wat om elke hoek en draai, en veral in handboeke soos *Afrikaans: My taal* (Human&Rousseau, R 95,- + BTW), gebruik word. Dit beteken dat alles weer reg is. Mense hoef nie te worry nie, alles is reg. Die Kaap is weer Hollands. Maar wat beteken die uitdrukking: Pretoria is weer Hollands? U hoef nie nog in spanning te wag nie, die antwoord is: daar verkeer baie Nederlanders in Pretoria. Afgelope vakansie was dit weer die geval. Behalwe vir Sytze en Carine wat al lankal hier is, het daar 'n groep van 8 Nederlandse studente gekom. Hulle name: Hans, Mark, Linda, Eline, Ilona, José, Tjitske en Lydia. Hulle het by oom Klaas de Vries gebly, nie in sy Academy nie, maar agter in sy tuin. Hul sluwe planne om gratis 'n noodhulpkursus (oftewel EHBO) te kry, het helaas misluk. Dit was egter verskriklik gesellig met hulle hier, en daar is so baie ge-'party' by hulle huis, dat die gerugte versprei het dat oom Klaas permanent die kragtoevoer na die woonstelloe sou afsluit, as gevolg van geluidsoorlas.

Pretoria – Die Kaap is nog steeds Hollands. *Pretoria is nog steeds Hollands*. Die hierbo genoemde studente was nog nie goed en wel weg nie, toe kom Siebe en Nico (ex-Suid Afrikaner). Toe hulle weg is, kom Janjaap hier aan, met kort op sy hakke Arjen Lamberts (Afrikaan in het vreemde). Volgens ons verslaggewers is Janjaap die oorsaak van die blou rande om Ronald se oë, en die tekort aan rande in Ronald se beursie. Janjaap ontken betrokkenheid.

Pretoria – Pretoria is weer Kaaps. Pretoria: 'n luukse vakansiebestemming, ver van die see, strande en ander besienswaardighede. Die son skyn wel, maar die aande is koud. Pretoria: 'n lekker place to be. Hierdie advertensie het klaarblyklik 'n maand of wat voor die vakansie gereeld op Verimark verskyn, gesien die styging in vakansiegangers (bogenoemdes, Jan van Houwelingen én nog Ilze). But wait, there's more! Miskien is daar addisionele redes, behalwe die son, see en strand. Of nee, son, uhm..... ja, son.

Mosselbaai – Iwan het steeds groot kuite. Die verslaggewer kon nie aan details hieroor dink nie, dis bedoel as herinnering.

Kampen, Nederland – Ruurd neem sy intrek in Nederland. Nederlanders wonder wanneer sy Afro 'n Euro gaan word.

Wolkberge – Jeug klim wolkberge. Ruurd se swanesang as stapper. Slaapsakvervaardigers betreur die feit. Beste kliënt emigreer. Hoop ander mense neem taak op hul om slaapsakke te verloor.

Dit was die E! Entertainment hoogtepunte van vandag. Verskyn gou weer op die rooi tapyt!  
Voetspoor

## Verjaarsdae



### Bethal

Jeanné Botha	18-Aug
Elize Botha	25-Aug
Leclue Nienaber	12-Sep
MC Bergh	20-Sep
Sunelle Maritz	20-Sep

### Johannesburg

Marco Hamming	12-Aug
Willem Seijdlitz	26-Aug
Jaco Bijker	31-Aug

### Kaapstad

Lieneke Eefting	3-Sep
Chrisjan van Alten	23-Sep

### Maranata

Ria de Vries	2-Aug
Mirjam de Vries	16-Sep
Cornelia Kerkhoff	20-Sep

### Pretoria

Wilma Lubbinge	3-Aug
Hilde Ros	5-Aug
Henrike Ros	6-Aug
Ewart Antonides	10-Aug
Leon Byker	13-Aug
Laurike Bosker	21-Aug
Anja Kamphuis	22-Aug
Martin Kamphuis	22-Aug
Hilda Middeljans	3-Sep
Liza de Vente	4-Sep
Marius de Jager	8-Sep
Riaan Bosker	15-Sep
Magriet Smit	19-Sep
Ingrid Bosker	23-Sep
Hester van der Meulen	27-Sep
Lois Boon	29-Sep

